**REDAKSIONEEL**

## DIE DOOD IN DIE POT MET PROFESSIONALISME

ELDERS in hierdie uitgawe verskyn 'n voordrag van ds. B. A. Bos voor die G.T.V. van SWA oor die kerklike situasie in Nederland. Opmerklik genoeg gee ds. Bos onomwonde toe dat die toestand in die Geref. Kerke van Nederland sorgwekkend is. Hy ontleed die situasie en noem enkele faktore wat tot die huidige situasie aanleiding gegee het.

Onder die faktore het veral twee opgeval. Hy skryf die verval in die Geref. Kerke toe aan die plek wat die *teologie* met die Belydenis geruil het en aan die erosie van die *ampsidee*. Wanneer 'n mens dit lees, hou jy onwillekeurig jou hart vas. Tree hierdie simptome nie in toenemende mate in Suid-Afrika en ook in die Geref. kringe na vore nie?

Ons is die Here dankbaar vir twee teologiese Skole en vir die groot belangstelling wat nagraadse teologiese studie by predikante en selfs by kerkrade geniet. Ons moet egter baie goed onthou dat die verhouding teologie en belydenis van die allergrootste belang vir die lewe van die kerk van die Here is.

Teologie is *wetenskap,* 'n menslike bedrywigheid met die Bybel as beginsel om te ken, te verstaan en te interpreteer. Belydenis is 'n kinderlike antwoord op en dikwels 'n agterna sê van wat die Woord sê. Eersgenoemde vra en waardeer die arbeid van die mens. Laasgenoemde vra en waardeer die openbaring van God. Die dood is in die pot wanneer ons teologie vir belydenis neem — die opvattings en opinies van teoloë vir evangelie. Hierdie dwaling kan die leer van die kerk (belydenis) uithol, die kerkregering 'n kunsspel van argumente en reglemente maak en die liturgie formaliseer sodat dit weer om „verandering" ooreenkomstig 'n nuwe „teorie" roep.

Hierdie benadering is ook verwant aan die verval van die ampsbegrip sodat soos Bos sê allerlei „bijbanen" in die oog kom. Wanneer teologie die basis vir die bediening van predikant word, kom die dominee in 'n professionele posisie teenoor die „leke"-ampsdraers en ander „leke" (lidmate) te staan. Aan die een kant gaan dit dan om sy woord alleen in die kerkregering — maar aan die ander kant is hy maar professionele beroepsman langs ander „opgeleide" beroepsmanne op ander terreine. Die vergelyking bring sekularisasie — en kompetisie. Binne die kerk ontstaan 'n stryd rondom ambisies, frustrasies en pligvervorminge — om weg te kom van dominee-wees.

Natuurlik handhaaf ons die *roeping* van die Here as enigste rede vir elke amp, dominee, ouderling, diaken, Christen — maar bedoel ons dit altyd en maak ons dit altyd op daardie grond uit?

Die dood is in die pot wanneer die predikante „professionele" manne geword het op grond van hulle „teologiese opleiding"... Teologie of Belydenis, teoloog of bedienaar, bly hoeke vanwaar die stryd uitgemaak word tussen wetenskap en geloof, professie en roeping.

B.S.